

GESKIEDENIS EN JOERNALISTIEK: 'N SIMBIOTIESE MODEL VIR SUID-AFRIKAANSE JOERNALISTIEKSKOLE

George Claassen
Departement Joernalistiek
Universiteit van Stellenbosch
Privaatsak XI
7602 Matieland

History and journalism: A symbiotic model for South African schools of journalism

The decline in general knowledge and, more specifically, knowledge of history, among students has become a serious problem to lecturers in journalism courses worldwide. But it also reflects detrimentally on the media employing these students, as the media are becoming more and more the target of criticism for superficiality and lack of contextual references in news reports. This article is an empirical analysis of the knowledge of history among a group of 130 applicants for the B.Honours degree at the University of Stellenbosch. The Stellenbosch journalism programme is the only specialised postgraduate course of its kind in South Africa. One would expect students coming into the course, to have a broader general knowledge than those studying journalism at undergraduate level. The necessity of introducing a level of basic history to journalism students in South African tertiary institutions is studied in the light of the research undertaken into cultural literacy by E.D. Hirsch and others in the U.S.A. A comparison is also made between the levels of historical knowledge of students with a background of history at tertiary level, and those with no history background.

Die gebrekkige algemene kennis, en meer spesifiek die swak kennis van geskiedenis van studente, begin wêreldwyd ernstige probleme skep vir dosente in joernalistiek. Verder reflekteer dit ook negatief op die media wat hierdie studente in diens neem en toenemend onder kritiek moet deurloop weens die oppervlakkigheid van en die gebrek aan kontekstuele verwysing in nuusberigte. Hierdie artikel is 'n empiriese ontleding van die kennis van geskiedenis onder 'n groep van 130 aansoekers vir toelating tot die B.Honneursgraad in joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch. Die Stellenbosch joernalistiekprogram is die enigste gespesialiseerde nagraadse joernalistiekprogram in Suid-Afrika. 'n Mens sou dus 'n beter algemene kennis van hierdie potensiele studente verwag. Die artikel ondersoek die noodsaaklikheid van 'n studie van geskiedenis vir joernalistiekstudente in die lig van navorsing oor kulturele geletterdheid deur E.D. Hirsch en andere in die V.S.A. 'n Vergelyking word ook getref tussen studente met voorgraadse opleiding in geskiedenis en dié daarsonder.

Historia 43(1), Mei/May 1998

1. Kwynende kennis van geskiedenis

Die gehalte van studente se algemene kennis en meer bepaald kennis van geskiedenis het sedert die groeiende invloed van televisie ná die Tweede Wêreldoorlog 'n skerp afname getoon.¹ Verskillende redes word deur navorsers vir hierdie verskynsel aangevoer, in die meeste gevalle ook gekoppel aan die dalende leespatrone van tienerjariges en studente, en meer spesifiek hul gebrekkige leespatrone van koerante. Terselfdertyd ondervind geskiedenisdepartemente aan Suid-Afrikaanse universiteite deurlopend 'n daling in studente wat geskiedenis as vak neem. Vir die joernalistiek as beroep is hierdie verskynsel onrusbarend omdat 'n historiese perspektief op nuusgebeure 'n onontbeerlike deel van die mondering van joernaliste behoort te wees.²

Die swak leespatrone van tienerjariges en die korrelerende televisiekykpatrone kan volgens navorsing ook direk betrekking hê op hierdie swak historiese perspektief. Cobb-Walgren³ het die grootskaalse afwesigheid van tienerjariges en jong volwassenes in die koerantleesmark bestudeer en bevind dat in kontras met die televisie nie-kyker wat in die Amerikaanse samelewing as "socially insignificant" aangedui word, die nie-lesende koerantverbruiker oral te vinde is. Sy noem die volgende redes vir hierdie verskynsel:

- **Die afname in leesvaardigheid.**

Dit kom ooreen met studies van Allan Bloom⁴ en E.D. Hirsch⁵ waarin die afname in kennis van die geskiedenis direk verbind word met dalende leesvaardighede.

- **Kompetisie van die meer dinamiese, visueel stimulerende televisie-medium.**

Talle studies is op hierdie gebied gedoen: buiten Neil Postman,⁶ Bloom en Hirsch, het Rosemarie Truglio⁷ van die Universiteit van Kansas definitiewe bewyse by 362 families in Kansas gevind wat getoon het dat in heelwat gevalle televisie 'n nadelige effek op die leespatrone van kinders het. In Suid-Afrika het 'n 1997 studie bevind dat twintig persent Suid-Afrikaners in senior posisies weekliks geen tydskrif, koerant of enige ander gedrukte mediamateriaal lees nie.⁸

-
1. L. Burnett, "The teenage market", *Report from media research*, U.S.A., 1983; P. Poindexter, "Daily newspaper non-readers: why they don't read", *Journalism Quarterly* 56(2), 1979, pp. 764-770; W.A. Tillinghast, "Declining newspaper readership: impact of region and urbanization", *Journalism Quarterly* 58(1), 1981, pp. 14-23; J.P. Robinson en L.W. Jeffres, "The changing way of newspapers in the age of television", *Journalism Monographs* 63, 1979; en G.C. Stone en R.V. Wetherington, "Confirming the newspaper readership habit", *Journalism Quarterly* 56(3), 1979, pp. 554-562.
 2. S. Vaughan, "Journalists learn uses of history in new program", *Journalism Educator* 40(3), 1985, pp. 48-50; P.A. Atkins, "The general knowledge void - issues course is needed in J-schools", *Journalism Educator* 1, 1985, pp. 11-14.
C.J. Cobb-Walgren, "Why teenagers do not 'Read all about it'", *Journalism Quarterly* 67(2), 1990, pp. 340-347.
 4. A. Bloom, *The closing of the American mind - how higher education has failed democracy and impoverished the souls of today's students*, Simon & Schuster, New York, 1987.
 5. E.D. Hirsch, *Cultural literacy - what every American needs to know*, Houghton Mifflin, Boston, 1987.
 6. N. Postman, *Amusing ourselves to death - public discourse in the age of show business*, Methuen, Londen, 1987.
 7. *Beeld*, 8 Februarie 1988, p. 5.
 8. *Financial Mail*, 23 Januarie 1998, p. 65.

- 'n Verandering in lewenstyl wat minder tyd skep vir lees. Poole⁹ het ook bevind dat 'n belangrike faktor in tienerseuns se swak koerantleesgewoontes hul daaglikse lewenstyl is.
- 'n Verswakkende tradisie van koerantleesgewoontes in die huis. Weer eens, het verskeie studies¹⁰ bevind dat jong mense se koerantleesgewoontes afhanklik is van die korrelerende leespatrone en sosialisering van hul ouers.
- Persepsies oor koerante. Kinders beskou dikwels die koerant as 'n tradisionele medium vir middeljariges en onbelangrik in die adolessent se lewe.¹¹

2. Kulturele geletterdheid

Die lewendige debat wat deur William Bennett, Amerikaanse Minister van Opvoeding en stoere kritikus van die Amerikaanse opvoedkundige stelsel, tydens die tweede termyn van president Ronald Reagan ontken is, het onder andere ook betrekking gehad op die oningeligtheid van die Amerikaanse jeug. Bennett het beklemtoon dat “too many schools ignore the great minds and instead try to teach kids how to make a living”.¹² Dit is verder gevoer toe twee belangwekkende boeke wat beide in 1987 in die V.S.A. gepubliseer is, die klem sterk laat val het op 'n terugkeer na 'n behoorlike historiese bewussyn onder die jeug. Hierdie werke het die skuld vir die ongeletterdheid van die Amerikaanse samelewing toegeskryf aan die oppervlakkige sosiale struktuur wat die noodsaaklikheid vir die onderrig van kulturele geletterdheid aan skole en universiteite ignoreer.

Allan Bloom van die Universiteit van Chicago se *The closing of the American mind — how higher education has failed democracy and impoverished the souls of today's students*, en E.D. Hirsch van die Universiteit van Virginia, se *Cultural literacy — what every American needs to know*, beklemtoon beide 'n terugkeer na basiese kennis in die geskiedenis, letterkunde en ander dissiplines.

Hirsch se uitgangspunt dat kulturele geletterdheid noodsaaklik is vir lees- en skryfvaardighede, is 'n verruiming van vroeëre studies oor geletterdheidsvlakke.¹³ Hy noem kulturele geletterdheid “the network of information that all competent readers possess. It is the background information, sorted in their minds, that enables them to take up a newspaper and read it with an adequate level of comprehension, getting the point, grasping the

-
9. D. Poole, *Newspaper reading and sports among junior high school-age boys: an exploratory study*, Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Nebraska, 1989.
 10. P. Clarke, “Parental socialization values and children's newspaper reading”, *Journalism Quarterly* 42(3), 1965, pp. 539-536; en S.H. Chaffee, J.M. McLeod, & C.K. Atkin, “Parental influences on adolescent media use”, *American Behavioral Scientist* 14(1), 1971, pp. 323-340.
 11. Yankelovich, Skelly and White, Inc., *Young people and newspapers: an exploratory study*, Harte-Hanks Newspapers, 1976; J.C. Schweitzer, “Comparison of young subscribers and nonsubscribers”, *Journalism Quarterly* 53(2), 1976, pp. 287-293; en E. Larkin & G. Grotta, “The newspaper as a source of consumer information for young adults”, *Journal of Advertising* 6, 1977, pp. 5-10.
 12. *Time*, 17 Augustus 1987, p. 46.
 13. R.L. Thorndike, *Reading comprehension education in fifteen countries: an empirical study*, Wiley, New York, 1973; en J. Chall, “Afterword” in *Becoming a nation of readers: the report of the commission on reading*, National Institute of Education, Washington D.C., 1985, pp. 123-124.

implications, relating what they read to the unstated context which alone gives meaning to what they read ... The achievement of high universal literacy is the key to all other fundamental improvements in American education.”

In 1988 het Hirsch sy oorspronklike studie verbreed deur te konsentreer op die identifikasie en definisie van “a body of information shared by literate Americans of the late twentieth century”.¹⁴ Die publikasie van *The dictionary of cultural literacy - what every American needs to know* het die eerste saad gesaai vir die onderrig van die samelewing tot basiese kulturele geletterdheid — ook in Suid-Afrika en ook vir die onderrig van veral joernalistiekstudente aan tersiêre onderriginstellings. Die invloed van hierdie woordeboek het gelei tot soortgelyke publikasies in ander tale, byvoorbeeld in Nederlands.¹⁵

Hirsch baseer sy konsep van kulturele geletterdheid op die model van A.H. Thorndike en F.T Baker wat in die vroeë jare van die twintigste eeu ‘n reeks sogenaamde *Everyday classics* die lig laat sien het om kulturele geletterdheid aan baie jong kinders te leer:

We have chosen what is common, established, almost proverbial the value of a common stock of knowledge ...¹⁶

Hierdie gemeenskaplike kennisdatabank steun swaar op ‘n grondige kennis van die geskiedenis en vir die joernalistiek het die gebrek aan historiese perspektief by joernaliste krisissafmetings begin aanneem wat die status van die beroep ernstig aantas. Postman beweer die geskiedenis het sy vastrapplek in die mediawêreld verloor as gevolg van televisie, “a speed-of-light medium, a present-centred medium” gebaseer op “image politics” wat geen plek toelaat vir die geskiedenis nie.¹⁷

Joernaliste funksioneer as die voedvroue en grafgrawers van hul tyd, soos Gutzkow dit reeds so lank gelede as 1838 uitgedruk het.¹⁸ Ongelukkig vertoon hulle min ernstige insig in die voorgeboortelike prosesse en die implikasies van die sterfgevalle waaroor hulle skryf. Joernaliste is historici van die hede¹⁹ maar hulle gebrek aan historiese perspektief is onmiskenbaar:

Many times members of the media are influenced by erroneous beliefs about what the past teaches or forecasts. Their stories may incorporate superficial historical analogies. Usually, the past is employed haphazardly ... Because of the nature of their work journalists are intensely preoccupied with the present. They seek to be on the cutting edge of history. Nothing seems so dated as yesterday’s newspaper or broadcast ... Such present-mindedness is

-
14. E.D. Hirsch, J.F. Kett & J. Trefil, *Dictionary of cultural literacy - what every American needs to know*, Houghton Mifflin, Boston, 1988.
 15. G.A. Kohnstamm & H.C. Cassee, *Het cultureel woordenboek - encyclopedie van de algemene ontwikkeling*, Anthos, Baarn, 1992, is “de geheel nieuw opgezette en uitgewerkte Nederlandse pendant van *The dictionary of cultural literacy - what every American needs to know*, onder redactie van E.D. Hirsch” (flapteks van die November 1993-uitgawe).
 16. Aangehaal deur Hirsch, 1987, pp. 131-132 (my kursivering).
 17. N. Postman, p. 139.
 18. P. Muller, M. van Tonder & G. Claassen, *Die groot Afrikaanse aanhalingsboek*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1986, p. 117.
 19. J.H. Finley, “Historians of the present tense”, *The Professional Register*, Committee on Education, Illinois Press Association, Desember 1930.

widespread. It subverts the inclination to think historically and can distort accounts of current events by giving them only a short-range focus.²⁰

3. Joernalistiekstudente en geskiedenis

Hoe swak die kennis van die verlede by 'n jonger generasie van joernaliste is, word beklemtoon deur die uitslag van keuringstoetse wat jaarliks afgelê word deur voornemende joernalistiekstudente aan sommige Suid-Afrikaanse teknikons en universiteite.²¹

Vir die doeleindes van hierdie artikel is die historiese geleterdheid van voornemende joernalistiekstudente aan die Universiteit van Stellenbosch onder oë geneem. Hierdie program in joernalistiek is die enigste gespesialiseerde nagraadse program in Afrika, gebaseer op die model van die nagraadse program van die Universiteit van Columbia in New York. Studente moet reeds oor 'n graad beskik (die program laat multidissiplinêre voorgraadse studente toe) en 'n keuringstoets aflê wat hoofsaaklik op twee bene staan, naamlik 'n sterk komponent kulturele geleterdheidsvrae, en 'n taalvaardigheidstoets. Die kulturele geleterdheidsafdeling toets veral studente se algemene kennis, maar ook hul kennis van belangrike historiese gebeure.

'n Seleksie van geskiedenisgebaseerde vrae uit die keuringstoetse van 1996 en 1997 is gedoen en vergelykend ontleed met betrekking tot studente wat geskiedenis as vak op universiteit gevolg het en dié wat geen universiteitsopleiding in geskiedenis ontvang het nie.²²

Die steekproef het bestaan uit 130 voornemende studente wat in 22 vrae moes aantoon wie en/of wat die volgende is (met persentasies van korrekte antwoorde tussen hakies) (Tabel 1):

Tabel 1: *Wie of wat is/was die volgende?:*

Louis Farrakhan	29,2%
Anne Frank	61,5%
Friedrich Nietzsche	59,2%
Martin Luther King	73,1%
Johannes Gutenberg	46,2%
Hippocrates	53,8%
Marco Polo	73,1%
John Maynard Keynes	32,3%
Duinkerken	43,8%
Romanovs	43,8%
Watergate	75,4%

20. S. Vaughan, p. 48.

21. Drie universiteite in Suid-Afrika, naamlik Rhodes Universiteit, die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., en die nagraadse program van die Universiteit van Stellenbosch, bied gespesialiseerde joernalistiekgrade aan. Ander universiteite bied joernalistiek net as 'n afdeling van kommunikasiekunde aan. Joernalistiekgrade word ook by onder andere die Technikons van Pretoria, Noord-Transvaal, Natal en die Skiereiland aangebied.

22. Hierdie toets sou byvoorbeeld nie by ander Suid-Afrikaanse universiteite of teknikons wat joernalistiek aanbied, op dieselfde wyse gedoen kan word nie omdat studente daar voorgraads reeds spesialiseer in joernalistiek, dikwels sonder die keuse om geskiedenis ook as deel van die voorgraadse pakket te volg.

Tet-offensief	11,5%
Boston-teeparty	40,0%
Gettysburg	40,0%
Magersfontein	55,3%
Taung, 1924	23,1%
Falkland, 1982	38,0%
Rorke's Drif	13,8%
Chernobyl, 1986	66,9%
Sarajevo, 1914	53,8%
Marshall-plan	32,3%
Vichy, 1940's	16,9%

N = 130

Verder is 'n vergelyking getref tussen studente wat geskiedenis ten minste op eerstejaarsvlak tydens hul voorgraadse studie gevolg het, en diegene wat géén geskiedenis op tersiêre vlak bestudeer het nie. Dieselfde 22 vrae is op hierdie twee groepe toegepas om hul historiese gelettertheid te probeer bepaal. (Tabel 2) Van die 130 voornemende joernalistiekstudente, het 33 geskiedenis as universiteitsvak op ten minste eerste-, tweede en derdejaarsvlak geneem (25,4%).²³ Die onderverdeling tussen die drie jaargroepe was 51,5% (N=17) vir eerstejaars, 9,1% (N=3) vir tweedejaars, en 39,4% (N=13) vir derdejaarstudente.

Uit tabel 2 is dit duidelik dat studente wat aan universiteit geskiedenis op voorgraadse vlak gevolg het, heelwat beter in die 22 geskiedenisgerigte vrae in die keuringstoets gevaar het.

Tabel 2: Wie of wat is/was die volgende?:

	Studente sonder universiteits- geskiedenis	Studente met universiteits- geskiedenis
Louis Farrakhan	19%	56%
Anne Frank	50%	67%
Friedrich Nietzsche	44%	89%
Martin Luther King	58%	89%
Johannes Gutenberg	38%	44%
Hippocrates	42%	67%
Marco Polo	56%	100%
John Maynard Keynes	25%	44%
Duinkerken	31%	78%
Romanovs	29%	89%
Watergate	58%	100%
Tet-offensief	10%	11%
Boston-teeparty	29%	67%
Gettysburg	37%	44%
Magersfontein	46%	56%

23. Studente uit die 130 aansoekers het geskiedenis op voorgraadse vlak geneem aan die Universiteite van Stellenbosch, Durban-Westville, Port Elizabeth, Kaapstad, Pretoria, die Universiteit van die Witwatersrand en Unisa.

Taung, 1924	13%	56%
Falkland, 1982	48%	100%
Rorke's Drif	11%	11%
Chernobyl, 1986	52%	89%
Sarajevo, 1914	42%	67%
Marshall-plan	19%	78%
Vichy, 1940's	10%	44%

Joernalistieke opleiers word daagliks gekonfronteer met die gebrekkige kulturele geletterdheid van studente en veral 'n gebrek aan historiese perspektief. Hierdie verskynsel word ook deurlopend gereflekteer in die wyse waarop praktiserende joernaliste die geskiedenis op onintelligente en ondeurdagte wyse aanwend in nuusberigte en –artikels oor resente en hedendaagse gebeure. Ongelukkig beskou heelwat joernaliste geskiedenis as irrelevant vir die gejaagde gesoek na nuus van die alledaagse joernalistiek. Maar soos Vaughan beklemtoon, rus “our understanding of contemporary events ... on our assumptions about the past”²⁴ 'n Kennis van geskiedenis en verhoogte vlakke van kulturele geletterdheid behoort dus eintlik joernaliste se taak te vergemaklik omdat die tydrowendheid van navorsing te midde van dreigende spertye dikwels deur parate kennis heelwat verkort kan word.

4. Geskiedenisopleiding gemik op joernaliste

Die bekommernis oor die oppervlakkige kennis van geskiedenis in joernalistieke kringe het in die V.S.A. reeds daartoe gelei dat verskeie universiteite begin het om geskiedenisopleiding aan praktiserende joernaliste, maar veral studente in die joernalistiek, te begin aanbied. Die Universiteit van Wisconsin-Madison het in die jare tagtig begin met 'n program “The Uses of History for Members of the Media”. Dit het ten doel om joernaliste en joernalistiekstudente op te lei om die verlede meer intelligent in die hedendaagse joernalistiek aan te wend. Die Wisconsin-program is gebaseer op die Universiteit Harvard se “Uses of History Project” by die Kennedy School of Government en die Harvard Business School. Soortgelyke programme is ook reeds van stapel gestuur by die Universiteit van Noord-Carolina, die Carnegie-Mellon School of Urban and Public Affairs, die Universiteit van Kalifornië se Sakeskool, en die Rand Graduate Institute.²⁵

Oplossings vir Suid-Afrika se unieke probleem met sy heterogene samelewing en groot verskille in opvoedingstandaarde tussen tradisioneel bevoorregte en agtergeblewe studentegemeenskappe, is nie maklik nie. In teenstelling met Berger se siening dat die beklemtoning van kulturele geletterdheid in joernalistieke opleiding “would cut out people from different cultures, languages and disadvantaged education systems: precisely those needed in journalism today”,²⁶ wys Hirsch²⁷ en Patterson²⁸ op die waarde wat breë

24. S. Vaughan, p. 48.

25. S. Vaughan, p. 50. Ook G.N. Claassen, “Journalism and cultural literacy: An exploration towards a model for training journalism students”, *Communicatio* 21(1), 1995, pp. 12-20.

26. G. Berger, “Response to ‘Journalism and cultural literacy’ by George Claassen”, *Communicatio* 21(1), 1995”, *Communicatio* 22(2), 1996, p. 78.

27. E.D. Hirsch, *Cultural literacy – What every American needs to know*, Houghton Mifflin, Boston, 1987, p. 10.

kulturele geletterdheidsprogramme inhou vir juis die agtergeblewe gemeenskappe, in hierdie geval die swart bevolking van die V.S.A.:

Industrialized civilization (imposes) a growing cultural and structural complexity which requires persons to have a broad grasp of ... cultural literacy: a deep understanding of mainstream culture, which no longer has much to do with Anglo-Saxon Protestants, but with the imperatives of industrial civilization. It is the need for cultural literacy, a profound conception of the whole civilization, which is often neglected in talk about literacy ... The people who run society at the macro-level must be literate in this culture. For this reason, it is dangerous to overemphasize the problems of basic literacy or the relevancy of literacy to specific tasks, and more constructive to emphasize that blacks will be condemned in perpetuity to oversimplified, low-level tasks and will never gain their rightful place in controlling the levels of power unless they also acquire literacy in this wider cultural sense.²⁹

5. Oplossings vir Suid-Afrikaanse joernalistiekskole

In die Suid-Afrikaanse konteks is die noodsaaklikheid om geskiedenis in joernalistieke opleiding in te voer, tot voordeel van alle kulturele groepe in die samelewing sodat alle potensiele joernaliste aan die eise van Patterson se “industrial society” kan voldoen.

Die volgende oplossings word voorgestel vir Suid-Afrikaanse joernalistiekskole:

- Joernalistiekdepartemente behoort daadwerklike stappe te neem om universiteite se geskiedenisdepartemente se hulp in te roep om aan studente 'n agtergrondkursus in geskiedenis aan te bied. Hierdie soort kursus behoort die model te volg wat reeds met groot sukses by die Universiteit van Wisconsin-Madison geïmplementeer word. Die model rus op drie pilare:³⁰
 - (a) Dit bied aan deelnemers 'n perspektief op die aard van geskiedenis en maak hulle meer bewus van joernaliste se potensiele gebruik van die verlede in hul werk. Hier word veral gestreef om oppervlakkige historiese analogieë te vermy.
 - (b) Joernalistiekstudente word ook geleer hoe om relevante historiese literatuur vinnig op te spoor en te evalueer.
 - (c) Dersens konsentreer die Wisconsin-program ook op die identifisering van algemene foute wat mense maak wanneer hulle die verlede aanwend. “Few fields of knowledge lend themselves more easily to prostitution than history, and if accomplished scholars can make historical mistakes, so can those with

28. O. Patterson, “Language, ethnicity, and change”, in S.G.D’Eloia (red.), *Toward a literate democracy: proceedings of the first Shaughnessy memorial conference, April 3, 1980*, spesiale uitgawe van *The Journal of Basic Writing III*, 1980, pp. 72-73.

29. O. Patterson, soos aangehaal in E.D. Hirsch, *Cultural literacy – what every American needs to know*, Houghton Mifflin, Boston, 1987, pp. 10-11.

30. S. Vaughan, p. 48.

less training".³¹

- Geskiedenis as vak behoort verpligtend gemaak te word vir studente wat joernalistiek aan 'n universiteit of technikon wil volg. *As studente streng gekeur word op grond van taalvaardighede, het 'n verwysingsraamwerk en spesifiek 'n agtergrond in geskiedenis nou net so belangrik geword.* Die alternatief is dat studente wat nie geskiedenis op voorgraadse vlak gevolg het nie, volgens die kriteria van die Wisconsin-program wat hierbo uiteengesit is, daaraan blootgestel word in 'n aktiewe ontwerpte program *terwyl* hulle joernalistiek studeer. Hier kan universiteite se joernalistiek- en geskiedenisdepartemente 'n simbiotiese verhouding aanknoop wat tot groot voordeel van die joernalistieke beroep, maar ook die geskiedenis in die breë, sal strek.

In die honneurskursus in joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch is kulturele geletterdheid sedert 1996 'n vak wat ook die klem op geskiedenis laat val. Ervaring het tog geleer dat geskiedenis meer aandag moet geniet, veral ook as dit soos die Wisconsin-model konsentreer op 'n interpretasie van historiese feite binne die hedendaagse konteks. Die swak vertoning van studente wat in die statistiek wat hierbo aangehaal is, weerspieël word, bevestig hierdie groter behoefte aan 'n breë geskiedenisagtergrond vir joernaliste.

31. *Ibid.*